medihelp

# SaamOmgee

## Program vir Deernisvolle Sorg



'n Ernstige siekte verg 'n holistiese benadering wat op die pasiënt gefokus is en welstand sowel as deernisvolle steun aan geliefdes prioritiseer om algehele lewensgehalte te verbeter.

Medihelp, in samewerking met die Association of Palliative Care Practitioners of South Africa (PALPRAC), help jou om die simptome en spanning wat met 'n ernstige siekte gepaardgaan met interdissiplinêre behandeling te bestuur.

### Voordele om welstand te ondersteun

Jou jaarlikse voordeel vir palliatiewesorgdienste help om simptome soos pyn en ongemak te verlig terwyl die stres van besoeke aan ongevalle en hospitalisasie vermy word. 'n Span opgeleide palliatiewesorgspesialiste sal jou bystaan met persoonlike mediese en geestesgesondheidsorg, insluitend:

- Konsultasies by 'n dokter om jou behoeftes te evalueer en die beste behandeling vir jou unieke situasie voor te skryf,
- 'n Lys medisyne wat jy by enige apteek kan kry (kies generiese ekwivalente om bybetalings te vermy),
- Verpleegsorg by jou huis deur 'n geregistreerde verpleër, en
- 'n Maatskaplike werker wat ondersteuning vir jou en jou geliefdes se geestesgesondheid gee.

### Jou jaarlikse voordeelbedrag

| | |
|---|---|
| Med**Plus** | R33 800 |
| Med**Elite** | R31 300 |
| Med**Prime** en Med**Prime** Elect | R28 800 |
| Med**Saver** | R26 400 |
| Med**Add** en Med**Add** Elect | R26 400 |
| Med**Vital** en Med**Vital** Elect | R23 900 |
| Med**Elect** | R21 700 |
| Med**Move!** | R20 700 |

### Ander dienste wat jy dalk nodig sal hê

Dienste wat nie ingesluit is in jou palliatiewesorgvoordeel nie, soos suurstof en stomasorg, sal steeds gedek wees deur die toepaslike beskikbare voordele van jou betrokke plan. Jy kan al die inligting oor jou voordele sien en eise indien op die Member Zone.

As jou behoeftes vir palliatiewe sorg verander, sal jou PALPRAC-dokter 'n behandelingsplan by Medihelp vir goedkeuring indien.

Jy kan gerus palliativecare@medihelp.co.za kontak met enige vrae.



**086 0100 678** | medihelp.co.za

Medihelp is 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste (FSP no 15738)